Ps. 116: 2, 11.
Gen. 29: 2, 4.
" 31: 1-5.

# Tussen Mispa en Sen.

Ongr. 31 Des. 1960.

1 Sam. 7: 2-14.

1 Sam. 7: 12 – Toe het Samuel 'n Klip geneem en dit opgerig tussen Mispa en Sen en dit Ebenhaëser genoem en gesê: Tot hiertoe het die Here ons gehelp.

Die volk wat vergader is om hierdie man en hierdie steen het 'n baie stormagtige tyd agter die rug. As gevolg v.d. geestelike verslapping in die Kerk soos weerspieël in d. lewe v. d hoëpriester Eli en sy seuns Hofni en Pinehas word Israel deur die Filistyne verslaan; die ark word geroof en Eli en sy seuns kom almal om. In triomf voer die Filistyne d. ark weg – om uit te vind dat God dit nie gedoog dat sy verbondsark in heidense hande verval nie. Toe een ramp na d. ander die stede v.d. Filistyne tref waar d. ark gehuisves word, word hul raad dit teruggestuur na Israel. Maar skaars land dit onder d. Israeliete by Bet-Semes of 50,000 v. hulle word deur d. dood getref omdat hulle dit wou oopmaak.

Twintig jr. verloop waarin Israel se hele gemoedstoestand verander: hulle weeklaag agter d. Here aan d.w.s. daar kom 'n diep en sterker-wordende verlange om weer terug te keer tot God. Samuel se geest. arbeid het bl. in seker 'n baie belangr. rol gespeel: // Hy wys op d. dieper oorsaak v.d. nasionale nood en roep d. volk op tot bekering & voorbidding. // Die volk gehoorsaam en bely hulle sonde teen God. As hulle saam-trek by Mispa sien die Filistyne d/i 'n bedreiging vir hulle veiligheid. Mr. God verwar & verjaag hulle op Samuel se gebed deur 'n geweldige donderstorm net op S. die steen oprig.

**I Die Steen:** Die wêreld is vol van stene: gedenkstene, suile, monumente, piramides, gedenknaalde – ook grafstene. Waarom rig d. mens sulke stene op? Dis 'n poging v.d. mens om d. vervlietende woord vas te lê in 'n blywende vorm – om wat anders sou vergaan, vas te giet in 'n boodskap wat bly. Gewoonlik ~~vergaan~~ staan sulke stene om te vertel van die grootsheid van mense – maar hd. steen is iets besonders, iets uniek: dit vertel van God; dit besing die glorie van God. Hier staan 'n man (en saam met hom 'n hele volk) om 'n loflied aan God te sing by 'n keerpunt in die volk se lewe. Dis waar ja: die manskappe van Israel het heldhaftig geveg en wondere verrig – maar daarvan sê Samuel niks omdat Hy weet: die eer kom die mens nie toe nie – God alleen!

En Samuel gee uitdrukking aan al d. diepste gewaarwordinge v.d. volk se hart deur 'n uitwendige, wr. sprekende teken te neem: 'n steen. Dis die teken in sy hand op hd. gedenkwaardige dag.

→ Die jaar 1960 is byna verby: 'n jaar van groot storms in ons land, onder ons volk, in ons kerk – en seker ook in baie van u se lewes. Binne 'n paar minute neem ons afskeid van die ou jaar: Wat het u in u hand? Hoe druk u u dank, u lof, u droefheid uit? Het u al ooit daaraan gedink om 'n steen op te rig as teken van dank eer aan God? Of is u hand leeg omdat u hart leeg is?

**II Die Plek:** Samuel rig d. steen op tussen Mispa en Sen. Daar was 'n rede daarvoor – dis nie per toeval dat Samuel hier staan nie. Die baken a.d. een kant is Mispa = wagtoring – dit vertel van bloedige botsings, van verwoede gevegte, van spanning en stryd. Die plek is bekend – vandag nog daar – ryk aan geskiedenis v. groot gebeure.

A.d.a.k. is daar ook 'n baken: Sen = tand of rotspunt – seker een of ander teken in d. natuur wat maklik uitgeken kan word. Van hd. plek weet ons niks – geen geskiedenis – totaal onbekend.

En tussen hd. 2 plekke plant Samuel sy steen – tussen d. bekende en d. onbekende – om d'Here God te dank vir:

- bekende en onbekende hulp
- groot en klein dinge
- dinge waaroor almal praat – & wat lank reeds vergete is.
- buitengewone en alledaagse
- opspraakwekk. en ongeagte gebeure

Dis asof Samuel wil sê: tussen hd. 2 pale beweeg elke mens, elke volk se lewe. Vir sommige is dit vir jare net d. een (Mispa) – vir ander net d. ander (Sen): vir meeste is dit altwee.

→ Kyk terug vanaand op u lewe v.d. afgelope jr: die Mispas duidelik gemerk, afge-ets teen d. naglug, ingegraveer: die onvergeetl. oomblikke van groot geluk, skokke, van ernstige siekte, van (baie) vrengde (ook in staat v kerk). Maar die Sens – die sgn. onbelangrike dinge en dae: het hulle 'n plek in u gedagtes, u gebede, u herinneringe? Besef u dat u geen Mispa sou geken het as Sen nie daar was nie? Waar plant u u steen vanaand?